# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL X. DINSDAG, 28 JUNIE 1955 Nr. 8


# HALFJAAR van HUISHOUDELIKE ARBEID

## S.R.-VOORSITTER LEWER VERSLAG


Uit die halfjaarlikse verslag wat gisteraand aan die massa gelewer is deur die Studenteraadsvoorsitter, Mnr. Ph. C. Snyman, blyk dit dat die halfjaar wat nou verby is, 'n baie woelige tyd in die studentelewe was. Die feit dat die studentelewe altyd uitbrei, bring mee dat daar al hoe meer inspanning geverg word, en hiervan is daar genoeg bewys, soos uit die verslag blyk, dat die ywer vir hierdie sake nie ontbreek nie. Kenmerkend van hierdie tyd was dat die aksie meer na binne gerig was, en dit was ook al hoogs nodig dat al die huishoudelike sake in orde gebring word.

Die hoofliggame het in hierdie tyd genoeg bewys gelewer van hulle ywer. **Korps** het twee uiters geslaagde programvergaderings gehou, en is voorts nog besig met die boekverkoping, terwyl die Publikasiekomitee besig is om lesings wat voor Korps gehou is, in gedrukte vorm te laat verskyn. Die **A.S.B.** het benewens drie programvergaderings, ook nog deelgeneem aan die A.S.B.-kongres wat in Pretoria gehou is, en waar die afvaardiging weer duidelik die stem van die P.U. laat hoor het. Die belangrikste verdienste van die **A.B.K.K.** was die uitgee van die nuwe sangboekie wat voorsien het in 'n groot leemte in die studentelewe. By die onderliggame van die A.B.K.K. is daar baie ywer, en veral Thalia en die A.S.O. is baie entoesiasties vir hulle onderskeie toere gedurende die Julie-vakansie.

Vir die S.S.B. was dit 'n belangrike tyd, veral waar die afgelope Intervarsity nog vars in die geheue is, wat, betreffende die belangrikste wedstryde van die dag, deur die Pukke gewen is. Meeste van die klubs het alreeds of is van voorneme om nog aan inter-universitêre toernooie deel te neem. Die spanne van die rugby, mans- en dameshokkie staan tans nog in 'n goeie kans om die liga te buit.

### LOF AAN DIE WAPAD

**Wat die onderliggame van die Studenteraad betref, is met lof melding gemaak van die gehalte van „Die Wapad" in sy nuwe vorm. In teenstelling met vorige jare, kon „Die Wapad" vanjaar sover nog elke uitgawe self betaal en rede hiervoor is die groot leserskring wat „Die Wapad" vanjaar het.**



MNR. Ph. C. SNYMAN
Voorsitter van die Studenteraad

Die Vreugdedagbestuur kon tot op datum deur middel van die Vreugdedag self en die verkope van die „Pukkie," asook met insameling by wyse van die kollektelyste, reeds die bedrag van £640 bymekaarmaak. Omdat vanjaar weer nie 'n geskikte datum in Potchefstroom verkry kon word nie, moes die Vreugdedag in Klerksdorp plaasvind. 'n Paar vlotte was ook in Stilfontein. **Van die „Pukkie" is alreeds 'n oplaag van 3,500 verkoop en 'n verdere oplaag van 3,000 is alweer laat druk. Na skatting sal die winste van die Pukkie alleen £450 beloop.**

Die funksies van die Studenteraad self het in die eerste plek behels die kennismaking met die eerstejaars wat vanjaar al 'n week voor die aanvang van die eerste semester begin het. Toe is die eerstejaars by wyse van lesings deur lede van die Studenteraad, bekendgemaak met die strewe en pligte van die P.U. vir C.H.O. en sy studente. Die brosjure-eksamen wat later deur die eerstejaars afgelê is, het 'n gemiddelde uitslag gehad met „uitsonderings aan albei kante", aldus die voorsitter.

### FINANSIES KERNGESOND

Verder het die voorsitter die werksaamhede van die Studenteraad aan die gehoor meegedeel. Die finansies van die Studenteraad staan op 'n baie gesonde basis, danksy die waardevolle hulp van mnr. P. J. de Wet, die boekhouer van die P.U., en die ywer waarmee mnr. J. van der Vyver die werk behartig. 'n Kommissie van die Studenteraad is hard besig aan die nuwe brosjureboek en die Studenteraad meen om die boek vanjaar nog uit te gee. Met die nuwe kleurekontrakte is 'n ooreenkoms met Veka aangegaan om die studente van kleurbaadjies te voorsien, terwyl Wes-Transvaal-Sportwinkel ook nog materiaal in voorraad sal hou. Die nuwe sakwapen verskyn nou al op al die kleurbaadjies en die nuwe knoopgatswapen is ook al verkrygbaar. Die diskoteek van die Studenteraad is alreeds klaar en sal in die Studenteraadskantoor geïnstalleer word. Verder is die planne vir die aanbou van 'n kantoor, kaffeteria, argief en twee komiteekamers aan die studentesaal reeds voltooi, maar of daar vanjaar al met die bouery begin sal word, is twyfelagtig.

Ten slotte het die Voorsitter ook 'n woord van dank en waardering uitgespreek teenoor mnr. M. J. Strydom, die onder-voorsitter en mnr. J. H. Buys, die sekretaris van die Studenteraad, vir hulle onvermoeide ywer onder moeilike omstandighede, en ook aan mnr. J. D. van der Vyver vir die wyse waarop hy die finansies van die Studenteraad behartig.

## LOSIESGELDE VERHOOG

Vanaf begin 1956 is die bedrag betaalbaar deur studente wat in die Universiteitskoshuise inwoon, £90 per jaar. Dit geld vir alle Universiteitskoshuise.

Hierdie bedrag, wat alle kostes in verband met huisvesting insluit vanaf die heropening van die Universiteit tot die sluiting van die koshuise op 30 November, is kwartaalliks vooruitbetaalbaar.

Studente wat reeds op 1 Februarie 1956 met hulle kursusse 'n aanvang maak, moet egter 'n addisionele bedrag van 7/- per dag betaal tot op die datum dat die Universiteit amptelik heropen teen die middel van Februarie. Hierdie reëling geld hoofsaaklik sommige tweede- en derdejaarstudente en studente wat ook onderrig aan die Musiekkonservatorium ontvang.

## UNIVERSITEITS-KALENDER 1956

**A. OPENINGS- EN SLUITINGS-DATUMS.**

Heropening van Musiekkonservatorium 1 Februarie; Registrasie — eerstejaarstudente 14 Februarie; Registrasie alle ander studente 17 Februarie; Sluiting vir kort vakansie 28 Maart; Heropening na kort vakansie 10 April; Lang naweek (?) 10 tot 13 Mei; Einde eerste semester 28 Junie; Begin tweede semester 1 Augustus; Sluiting vir kort vakansie 27 September; Heropening na kort vakansie 9 Oktober; Sluiting van alle Universiteitskoshuise 30 November; Einde tweede semester 7 Desember.

**B. GRADEDAG** Saterdag, 14 April.

Geld vergal die arbeid.

* * *

Wie dwaasheid nie eer is wysheid nie werd nie.

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed!

FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.

**J. TOD SUTTIE.**

Komplete

**Mansuitrusters**

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

**UNIE BAKKERYE**

Posbus 244 — Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJIES.

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.

TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.

Kerkstraat 38, Potchefstroom.

Spoorwegstraat, Klerksdorp

**MOOIRIVIER-APTEEK**

Kerkstraat 155,

POTCHEFSTROOM


Telefoon 380.

**Die Apteek vir Diens!!**




# Eerste in die wêreld

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Ryn Filter de Luxe —die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk — geniet. Dit bied nog groter genot — die room van die Tabakoes *plus* die „Golden Throat"-filter met dun lagies watte tussen kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook — geen teken van tongbrand nie.




Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte:
Rembrandt Filter de Luxe teen
/5 vir 20, 3/6 vir 50

*Rembrandt*

**VAN RIJN**

FILTER DE LUXE

**met die „GOLDEN THROAT"-filter**

Spiereg VNFA6

**Studente . . . !!**

Vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

Kerkstraat 90 — Telefoon 497

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

- Wynsoorte

en

- Spiritualieë

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**

Von Wiellighstraat 20,

VIR ALLE

KRUIDENIERSWARE,

HARDEWARE,

SIGARETTE, ens.

**J. HEIDEMA**

Vir

FIETSE

en

MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**

(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

Die Wapad

DINSDAG, 28 JUNIE 1955

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR ...... M. J. Strydom.
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR ...... E. J. Smit.
NUUSREDAKTEURS ...... Mej. S. J. E. M. van Schouwenburg, Mej. M. M. Malan, J. T. C. Snyman.
KUNSREDAKTEURS ...... Mej. J. M. T. van der Merwe. C. D. Roode.
SPORTREDAKTEURS ...... Mej. L. Grobbelaar. M. J. Strydom.
VARIAREDAKTEURS ...... Mej. L. du Plessis. S. P. B. Buys. W. van der Ahee.
SPOTPRENTTEKENAAR ...... J. M. Smith.
FOTOGRAAF ...... P. Thiel.

ADMINISTRASIE

VOORSITTER ......A. S. Hechter.
LEDE

Mej. B. Smit, Mej. M. Stoker, Mej. L. Coetzee, H. Harmse, J. L. Steyn, H. van der Walt, J. M. Bothma, H. van der Westhuizen, J. C. Coetzee, H. J. S. Swanepoel.

# VERWYDER EERS BALK UIT EIE OOG

Van die jare vroeg af, was daar nog altyd 'n spanning tussen die mans en die dames van die Puk. Onlangs het hierdie spanning weer tot uiting gekom in die eetsaal van Dawie du Plessis-huis en nou word daar sogenaamde apartheid toegepas. Die mans weier om langer saam met die dames aan dieselfde tafel te eet, ten spyte daarvan dat die dames hulle die minderes getoon het deur om verskoning te vra. Tog is die dames daarmee nie gewillig om hulle skuld te bely nie — en dit sou miskien ook nie die regte stand van sake weergee nie. Maar telkens wanneer so iets opduik, is die een groep tog te ywerig om die skuld by die ander groep te soek.

Die basis vir 'n goeie verhouding tussen ons mans en dames sou wees die gemeenskaplike liefde vir ons Alma Mater. Hiervan is wel iets te bespeur wanneer ons teen 'n ander Universiteit te velde trek in 'n Intervarsity, maar so telkens wanneer ons met 'n geestelike vyand te doen kry binne of buite ons studentelewe, dan daal ons liefde vir dit wat ons eie is tot 'n laagtepunt. Ligsinnigheid en oppervlakkigheid is die kenmerk van die gees in ons studentelewe. Dit is egter 'n algemene trek, nie net by ons nie, maar oor die hele wêreld en nie net nou nie, maar van die vroegste jare af. Iemand het eenkeer gesê: „Laat iemand in de kerken den dienst gaan bijwonen. Dan zal hij, als de preek over... een ernstig onderwerp handelt, allen zien dutten, gapen en misselijk worden van verveling. Maar als die spreker, zooals zij dat dikwijls doen, het een of ander oudewynverhaaltjie begint, dan worden allen wakker, richten zich op en luisteren met open mond."

Wanneer die Universiteit amptelike funksies hou waarby in herinnering geroep word met dankbaarheid dit wat bereik is en waar met ootmoed seën afgesmeek word op dit wat ons tegemoetgaan, dan word die funksies bygewoon slegs deur 'n paar gesiene studente van wie dit nou eintlik verwag word en verder deur 'n paar eerstejaars wat gedwing word om die funksies by te woon. So word ons hele studentelewe gedra deur die eerstejaars, omdat hulle verplig word om dit te doen en dit dan onder die pragtige voorwendsel dat ons besig is om hulle op te voed. Geen wonder dat daar later 'n reaksie by hulle intree en hulle 'n renons kry in die studentelewe nie.

**Maar laat die Engelse net 'n bietjie hier kom rugby speel, dan is man en muis daar en ons kry selfs die middag se klasse af vir die geleentheid. Nie dat daar enige iets mee verkeerd is op sigself nie, maar uit die vergelyking is die verwronge sin vir waardes duidelik sigbaar. Dit wat sinlike genot meebring verkry ons heelhartige ondersteuning, maar dit wat geestelike inspanning verg — daarteenoor staan ons afsydig, dit wek selfs ons teesin.**

Terwyl die personeel dan alleen die stryd van ons universiteit moet stry, is ons studente besig om ons te verknies oor nietige sake sonder om ons eers te vergewis wat daar op die strydperk aangaan of wat daar op die spel is—sodat 'n mens jou eindelik afvra: Is dit nou werklik nodig? Laat ons maar liewer hand in hand die toekoms ingaan en dan eers die balk uit ons eie oog verwyder voordat ons die splinter in die oog van ons naaste raaksien.

E. J. S.

## Oordenking

## „Wie In My Glo"

**Joh. 11:28: En nadat sy dit gesê het, gaan sy en roep Maria, haar suster, stilletjies en sê: Die Meester is hier en Hy roep jou**

Dood en rou!

So min dink ons daaraan. En tog, het u al opgemerk dat daar jaarliks een of meer van ons in lanfer geklee word? Hoe vrolik die lag nou nog oor ons lippe mag klink, hoe gelukkig ons ook telkens na 'n ouerhuis mag terugkeer, vroeër of later klop die smart aan die deur van ons hart . . . en ons moet dit binnelaat — een van ons dierbares is nie meer nie!

So was dit ook in Betanië. Lasarus, die vriend van Jesus het gesterf. Martha en Maria, susters, sit eensaam en gebroke van smart.

Om hulle is 'n breë vriendekring. Elkeen het 'n woord van vertroosting kom spreek en tog troos hierdie woorde nie. In hulle hart het die susters die weeklag herhaal: „Was Jesus maar hier, sou ons broer nie gesterf het nie."

Jesus? Ja, hulle het Hom laat weet, maar dit is nou al die vierde dag en Hy het nie gekom nie. So sit Maria eensaam en peins.

**Maar dan skrik sy plotseling op uit haar smart. Dit is Martha wat aan haar fluister: „Die Meester is hier en Hy roep jou."**
**Die Meester! Jesus! Dan het Hy gekom! Hy het hulle nie in hulle smart vergeet nie. Hy het hierdie huis met soveel rou kom opsoek!**

Hy roep jou! Maria, moenie sit en treur nie. Kom hier en jy sal die ware troos vind. Martha het reeds by Hom geleer: „Ek is die opstanding en die lewe, wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe." Ook Maria moet dit leer.

Dan, op Jesus se woord, staan Lasarus op uit die dood. Waarlik, Hy is die opstanding en die lewe.

**As dit mag gebeur dat God tot u spreek deur die dood van een van een u geliefdes, weet dan: Jesus is daar. Hy kom om u te troos deur die Heilige Gees. By die sterfbed, by die geopende graf — ja, Hy is daar, Hy die oorwinnaar oor dood en graf, Hy die opstanding en die lewe.**

Oor die graf val die skaduwee van die kruis en in die hemel word vir u gebid.

Mag u in oomblikke as u in u verdriet wil wegsink, weet: Hy roep u. Hy roep u om u te troos: „Elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie."

En Maria? „Sy het, toe sy dit hoor, vinnig opgestaan en na Hom toe gegaan."

En U?

F. J. LABUSCHAGNE

## NUUSBROKKIES

Met die oprigting van die Administrasiegebou en nuwe Chemie-laboratorium sal hopelik in Oktober vanjaar 'n begin gemaak word. Die argitek is tans besig om die finale planne op te stel.

* * *

Gedurende die komende Julievakansie word die dakke van die Hoofgebou en Postmahuis geheel vervang met nuwes.

* * *

'n Kommissie van die Senaat ondersoek tans die moontlikheid om geskiedkundige foto's en portrette behoorlik te herberg. Baie van hierdie portrette word op die oomblik in die Administrasiekantore en die manskoshuise geherberg.

* * *

Die Universiteit het by die Stadsraad aangedring om behoorlike voetpaadjies en fietsrypaadjies in die omgewing van die Universiteit en die Onderwyskollege uit te lê. Dit geld hoofsaaklik vir President-, Meyer- en Joostestraat.

# AT HET VAN DIE „SING-SONGS" GEWORD?

Nog bietjie meer as 'n maand gelede het al wat 'n student is, gereeld Woensdagaande studentesaal toe gegaan vir Sing-songs. Nadat Intervarsity verby was, het dit ewe skielik opgehou. Kan dit wees dat ons studentesang dan net 'n hulpmiddel is vir Intervarsity iets wat dadelik na afloop van hierdie gebeurtenis gestaak moet word? Nee, Pukke, as dit so is, dan is daar iets radikaals verkeerd met ons studentegemeenskap.

Laat ons egter argumentshalwe aanneem dat die enigste doel van Sing-songs is om met Intervarsity ons opponente op die pawiljoen dood te sing. Dan nog, net so min as wat ons ophou om voetbal, hokkie of tennis te speel as alles verby is, mag ons ophou om te sing. As ons eers kort voor Intervarsity ons manne op die veld gaan stoot en met intensiewe oefening 'n goeie span wil ophou, sal ons nooit dieselfde resultate behaal as wanneer ons die hele jaar lank in oefening gebly het nie. So ook kan ons eenvoudig nie verwag om binne 'n maand bekwame dirigente op die verhoog te kry nie. **Dit is dan wanneer ons mense van buite moet kry om ons te lei.**

**Maar Sing-songs is nie net 'n middel tot 'n doel nie: dis 'n doel op sigself. Ons het tog seker nie die mooi sangboekies laat druk om net een maal per jaar te gebruik nie! Sing-songs is 'n sosiale noodsaaklikheid, die ideale plek om studentegees op te bou. Ja, ek wil selfs so ver gaan om te sê dis die enigste plek waar ware samehorigheid en eensgesindheid by die massa gekweek kan word — waar anders kom almal in sulke groot getalle saam!**

By Sing-songs word dan natuurlik bedoel georganiseerde studentesang, en nie dit wat ons so dikwels moet deurworstel nie: 'n driekwartier van futiele pogings van 'n ongeoefende dirigent, en die onentoesiastiese reaksie van ongeïnspireerde studente wie se powere pogings doodgeskree word deur 'n klomp dwarstrekkers op die agterste banke.

Deur gereelde oefening, eenmaal per week, sal ons die regte studentegees opbou, en dirigent en studente sal mekaar leer verstaan. Dan sal ons eie dirigente kans kry om vertroud te raak met die stokkie, en die talent in ons midde sal kans kry om ten volle te ontplooi. Dan eers sal ons met reg kan verklaar:

**„Ons is P.U.-kaners laat ons sing, laat ons sing,**
**Ons is P.U.-kaners, opregte Afrikaners,**
**Ons is P.U.-kaners VAN DIE REGTE SOORT."**

## „Song of Miriam"

Die P.U.-koor onder leiding van Mnr. Schulze is hard besig om te oefen aan Schubert se „Song of Mirian," waarmee hulle in die derde kwartaal moontlik naweektoere sal onderneem.

Die koor het ook al verskeie items met Universiteitsfunksies gelewer, en sal weldra seker 'n onontbeerlike plek in die studentelewe inneem.


## DIE BULT SKAATSBAAN

**„Pukke, ondersteun ons vir aangename ontspanning!"**

**Open van 4 tot 5.30 nm. en vanaf 8 uur in die aand.**


# SKAAKRUBRIEK

Ter afwisseling plaas ons hierdie slag 'n kort spel, wat op skitterende wyse deur Wit gewen word. Die spel staan bekend as die „Evans Gambit."

1. P-K4; P-K4; 2. Kt-KB3, Kt-QB3; 3. B-B4, B-B4; 4. P-QKt4, B x KtP; 5. P-B3, B-R4; 6. Kastelleer, B-Kt3; 7. P-Q4, P x P; 8. P x P, P-Q3; 9. B-R3, Kt-B3;

Hierdie skuif van Swart is swak. 'n Speler wat skaak reeds enigsins bestudeer het, sou nou soos volg gespeel het: 9 . . ., Kt-R4; 10. B-Q3, Kt-K2; 11. P-K5, Kasteller; dit sou hom buite gevaar gestel het.

10. P-K5, P x P; 11. Q-Kt3, Q-Q2; 12. P x P, Kt-QR4;

Wit voorsien nou dat hy gou vir Swart kan mat stoot, en offer sy koningin op.

13. P x Kt, Kt x Q; 14. R-K1 skaak, K-Q1; 15. B-K7 skaak, K-K1; 16. P x P, R-KKtl; 17. B-B6 skaak, Q-K3; 18. B x Q, B x B 19. P x Kt, en met sy sterk pion en een stuk voor wen maklik.

Waargeneem deur

**Mej. S. v. SCHOUWENBURG.**

## SKAAKKLUB VAAR GOED

Die span van die P.U. Skaakklub het nou reeds viermaal kon deelneem aan ligawedstryde gereël deur die VAAL-Skaakliga, waarby dit sedert die begin van die jaar ingelyf is. Die uitslae was as volg:

| | |
|---|---|
| Sasolburg . . . | 5½ — P.U. 2½; |
| Orkney . . . | 3 — P.U. 5; |
| Klerksdorp . . . | 3½ — P.U. 4½; |
| P.O.K. . . . | 1 P.U. — 7; |

Nou wag daar nog drie sterk spanne op kragmeting, nl. Bothaville (hierdie kwartaal), Viljoenskroon en Potchefstroom-dorp (volgende kwartaal).

Die affiliasie met die Skaakfederasie vir Suidelike Afrika aan die begin van hierdie jaar stel die Skaakklub nou in die voorreg om tydens die Euwe/Muhring-toer (Julie/Augustus) 'n gesamentlike wedstryd teen Muhring hier ter plaatse te speel.

Nadere besonderhede sal in die volgende „Wapad" verskyn.

# VERANDERINGE IN V.V.O.

Die ledetal van die V.V.O. (Vereniging vir Verbitterde Oujongnooiens) wat reeds lank gevestig is in Kulu, het onlangs geweldig uitgebrei. Na 'n paar dae van aktiewe lidmaatskap het die nuwe lede hulle degenererende invloed egter sodanig laat geld dat die party oorgegaan het tot die stigting van 'n aantal onderliggame, ten einde al die lede bevrediging te gee, naamlik:

1. **Vereniging van Verloofde Oujongnooiens,**
2. **Vereniging van Verliefde Oujongnooiens (ledetal legio),**
3. **Vereniging van Vryende Oujongnooiens (eerstejaars nie toegelaat nie),**
4. **Vereniging van Vervelige oujongnooiens (slegs U.O.D.'s),**
5. **Vereniging vir Veryste Oujongnooiens.**

Na aanleiding van die kysanales van die afgelope weke kan met veiligheid beweer word dat hierdie veelvuldige onderliggame noodwendig 'n gekysde staat meebring, en daar bestaan reeds tweespalt onder die V.V.O.-geledere of hierdie nuwe instellings wel ooreenstem met die doelstellings van die V.V.O., naamlik: „Die verbreiding van mannehatery (M.H.) en die stabilisering daarvan." Die saak is nog hangende, maar om die uiterste linksgesindes tegemoet te kom, het die oorspronklike lede van die V.V.O. darem ingestem om die naam van die vereniging te verander van die „Vereniging vir Verbitterde Oujongnooiens," na die „Vereniging vir Vrolike Oujongnooiens." Of dit bevrediging sal gee, sal die toekoms nog leer.

## STEL U VOOR . . . . .

**Jurie Venter:** As Rooi Jan die skrik van Thaba Luzern.

**Rammie:** Voor die hof op aanklag van veelwywery.

**Willem Barnard:** As dirigent van die Weense Seunskoor.


## CACHET MODES [Edms.] Bpk.

Open teen die tweede helfte van April te

**TOMSTRAAT 56A**

(Langsaan Sonskynkafee)

**Alle benodigdhede vir dames word teen billike pryse aangebied.**

## DAVY ROBERTSON ATELJEES

**Vir die mooiste**

**PORTRETTE en RAME**

## Schoonhoven Haarkappers

**„Dames en Here Studente! . . . . "**

Hier is die adres van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:

**Foon 1486.** **Eienaar: G. SCHOONHOVEN.**

## MALAN MEUBILEERDERS

**S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,**

**POTCHEFSTROOM.**

●

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

# Van Studenteraadswee

Ons hoef by hierdie geleentheid baie min te voeg by die verslag wat ons u voorgehou het op 27 Junie. Daarin het ons in aadelaarsvlug die vrugte op ons arbeid aanskou asook die „dae vol verlore kanse" waarvan ons digter spreek. Met hoeveel stille versugting het ons nie die jaar inlgegaan nie want niemand weet wat anderkant die bult ons inwag nie, en ingewag het nie. Tog, geagte dames en here, mag ons op 'n halfjaar terugsien wat vol was, so vol dat elkeen van ons nie aldag mooi geweet het wat die kalender ons voorhou nie. Met 'n skrik het ons dan nou eindelik tot die besef gekom dat die tydperk hom uitstekend leen vir eksamenvoorbereidings spoedig volg op ons heerlike rustyd wat voorlê.

Die Studenteraad wil nogeens 'n woord van hartlike dank spreek teenoor almal van u. U het ons in die tyd wat verby is ondersteun in die dinge wat ons welgemeen het. Sonder u hulp aan die begin van die jaar, met die inlywing van ons eerstejaars, sou ons nooit die verantwoordelikheid kon dra nie. U lojaliteit en liefde teenoor u Alma Mater, op die sportveld, was vir ons almal 'n grootse voorbeeld. Die konfronte ondersteuning met Vreugdedag en alles wat ons in diens van ons Alma Mater gedoen het verwag ons ook van u in die tyd wat nog voorlê.

Mag die tweede helfte van die jaar ook vir u voorspoedig wees en ons arbeid net so geseënd as in die eerste helfte. Met dieselfde volharding moet ons ook dan weer arbei aan ons gemeenskaplike saak. Ons wens u almal van S.R.-weë 'n baie aangename vakansie toe en mag u versterk word na liggaam en gees.

**Ph. C. SNYMAN,**
**(S.R.-Voorsitter).**

---

Al is die dagblad nog so snel, die waarheid gterhaal dit wel.

---

DRINK en GENIET . . . . . .

**S & S**
**Super Dilla**
**en**
**Super Orange**

•

**Sherr & Shakinovsky**
AUTOLAAN,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 16.

---

Vir bevredigende diens . . . . !
besoek

**DIE LOKALE HAARKAPPERS**
**KING'S HOTEL-GEBOU,**
Kerkstraat 158 — Telefoon 902.
POTCHEFSTROOM.
Eienaar: P. W. Taljaard.



## VAN DIE REDAKSIE

Ons Huis 25,
P.U. vir C.H.O.,
28 Junie 1955.

Geagte lesers,

Oor drie dae spat ons studentegemeenskap weer vir 'n volle maand uiteen na bykans alle oorde in die Unie. 'n Aangename vakansie, behalwe vir bloubriewe wat weer aan die orde van die dag sal wees, word in die vooruitsig gestel — 'n vakansie om te rus en gereed te maak vir die laaste skof van die jaar. Baie van ons begin alreeds vroeg volgende kwartaal met eksamen en dan is so 'n rustydjie voor die groot slag baie verkwikkend. Aan u almal wat huiswaarts gaan om te gaan rus, sê ons: „Rus goed en lekker."

Daar is egter baie ander studente wat hierdie komende vakansie hulle Universiteit op talle plekke in die Unie gaan verteenwoordig. Ons dink bv. aan die Dameshokkiespan wat Kaapstad toe gaan, die Stoeispan te Wits en dan is daar nog die Alabama wat na Rhodesië en die Thalia wat na Suidwes toe gaan. Ook aan al hierdie persone wens ons van redaksionele weë sterkte toe. Ons wil die hoop uitspreek dat u ons Alma Mater se naam en vaandel hoog gaan dra maar dat u self ook die onderskeie toere sal geniet.

Laastens 'n woord van gelukwensing aan kollega Willie Slabbert met sy verlowing aan mej. Stienie de Kelrk.

Tot volgende kwartaal,

**M. J. STRYDOM,**
**(Hoofredakteur).**

---

Dit kos sterk skouers om die stilte te dra.

•

Die liefdelose Satan word graag laggende voorgestel. Wie het hom ooit al 'n laggende Christus ingebeeld?

# „EK SKRYWE OM TE KLAE"

Vandag neem ek my pen in die hand en skrywe. Eintlik is dit nie skrywe nie, maar kla. Natuurlik oor die algemene onderwerp van feitlik alle studente-praatjies hierdie tyd van die jaar (ek sê nie regtig almal nie, hoor!) — ja, heeltemal reg — dit gaan oor werk . . . met reg verdien so-iets dan ook 'n plekkie in ons blad, hierdie tyd van die jaar.

Dikwels wonder 'n mens so in jou enigheid en verdriet — was die geagte professore of lektore ooit regtig studente? Of het hulle maar eendag sommer gou-gou besluit om proffie of soiets te word? Het hulle ooit lesings bygewoon en klas geloop soos ons? Of het hulle alles sommer eensklaps verstaan en geken?

Nog net een ou vragie, wat seker maar sonder antwoord in-die-niet sal verdwyn: kan iemand my miskien toelig — ek is seker ek verkeer in die duister — word daar van jou as student verwag om alle opgawes, huiswerk, naslaanwerk en dies meer wat in die klas gegee word te gaan doen? Of word dit sommer gegee omdat dit interessant is om die „stomme verbystering" op diegene voor en benede jou se gesigte te sien? As dit wel verwag word — sal 'n mens nie maar die ‚leermeester' inlig, dat jy buiten-en-behalwe die Wiskunde, Geskiedenis, Engels, of wat ook al, darem 'n ander hoofvak en 'n paar ander kursusse ook loop nie!

Nee, ek voel tog iets moet gedoen word. Of party van ons ongelukkige studente, wat immer te min tyd het, sal êrens nog 'n bietjie vandaan moet haal, of daar sal 'n ommekeer in die „werkuitdeling"-skema moet kom! Dalk sal 'n vakansie ook 'n bietjie help.

Nou toe nou, daar het ek al weer meer as 'n kwartier van my kosbare tyd gaan sit en verspeel. Tipies, nie waar nie!

**KLAAGKOUS.**

**TURKSTRA BAKKERY**
Raadpleeg ons vir . . .
• BRUIDSKOEKE,
• BROOD
en
• ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . !

---

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
DIE STUDENTEBEDIENERS.
„Netheid en Kwaliteitswerk"
is ons Leuse.
Bedieners van Dames sowel as Mans.

---

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**
Kerkstraat 70 — Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

---

**Groenpunt-Kafee**
Von Wiellighstraat,
vir:
Vars, Smaaklike
VRUGTE en GROENTE

MNR. J. S. DU PLESSIS,
U VERTEENWOORDIGER VAN
**REMBRANDT**
Meyerstraat 9 — Telefoon 897
POTCHEFSTROOM.

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)
• **OOGKUNDIGE.**
• **Brilspesialiteit.**
U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.
Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depot: CARLZEIS-JENA.

# 'AT HET VAN DIE „SING-SONGS" GEWORD?

Nog bietjie meer as 'n maand gelede het al wat 'n student is, gereeld Woensdagaande studentesaal toe gegaan vir Sing-songs. Nadat Intervarsity verby was, het dit ewe skielik opgehou. Kan dit wees dat ons studentesang dan net 'n hulpmiddel is vir Intervarsity iets wat dadelik na afloop van hierdie gebeurtenis gestaak moet word? Nee, Pukke, as dit so is, dan is daar iets radikaals verkeerd met ons studentegemeenskap.

Laat ons egter argumentshalwe aanneem dat die enigste doel van Sing-songs is om met Intervarsity ons opponente op die pawiljoen dood te sing. Dan nog, net so min as wat ons ophou om voetbal, hokkie of tennis te speel as alles verby is, mag ons ophou om te sing. As ons eers kort voor Intervarsity ons manne op die veld gaan stoot en met intensiewe oefening 'n goeie span wil ophou, sal ons nooit dieselfde resultate behaal as wanneer ons die hele jaar lank in oefening gebly het nie. So ook kan ons eenvoudig nie verwag om binne 'n maand bekwame dirigente op die verhoog te kry nie. **Dit is dan wanneer ons mense van buite moet kry om ons te lei.**

**Maar Sing-songs is nie net 'n middel tot 'n doel nie: dis 'n doel op sigself. Ons het tog seker nie die mooi sangboekies laat druk om net een maal per jaar te gebruik nie! Sing-songs is 'n sosiale noodsaaklikheid, die ideale plek om studentegees op te bou. Ja, ek wil selfs so ver gaan om te sê dis die enigste plek waar ware samehorigheid en eensgesindheid by die massa gekweek kan word — waar anders kom almal in sulke groot getalle saam!**

By Sing-songs word dan natuurlik bedoel georganiseerde studentesang, en nie dit wat ons so dikwels moet deurworstel nie: 'n driekwartier van futiele pogings van 'n ongeoefende dirigent, en die onentoesiastiese reaksie van ongeïnspireerde studente wie se powere pogings doodgeskree word deur 'n klomp dwarstrekkers op die agterste banke.

Deur gereelde oefening, eenmaal per week, sal ons die regte studentegees opbou, en dirigent en studente sal mekaar leer verstaan. Dan sal ons eie dirigente kans kry om vertroud te raak met die stokkie, en die talent in ons midde sal kans kry om ten volle te ontplooi. Dan eers sal ons met reg kan verklaar:

**„Ons is P.U.-kaners laat ons sing, laat ons sing,**
**Ons is P.U.-kaners, opregte Afrikaners,**
**Ons is P.U.-kaners VAN DIE REGTE SOORT."**

## DIE BULT SKAATSBAAN

**„Pukke, ondersteun ons vir aangename ontspanning!"**

**Open van 4 tot 5.30 nm. en vanaf 8 uur in die aand.**

## „Song of Miriam"

Die P.U.-koor onder leiding van Mnr. Schulze is hard besig om te oefen aan Schubert se „Song of Mirian," waarmee hulle in die derde kwartaal moontlik naweektoere sal onderneem.

Die koor het ook al verskeie items met Universiteitsfunksies gelewer, en sal weldra seker 'n onontbeerlike plek in die studentelewe inneem.


## CACHET MODES [Edms.] Bpk.

Open teen die tweede helfte van April te
TOMSTRAAT 56A
(Langsaan Sonskynkafee)

**Alle benodigdhede vir dames word teen billike pryse aangebied.**



## Schoonhoven Haarkappers

**„Dames en Here Studente! . . . . "**

Hier is die adres van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:

**Foon 1486. Eienaar: G. SCHOONHOVEN.**


# SKAAKRUBRIEK

Ter afwisseling plaas ons hierdie slag 'n kort spel, wat op skitterende wyse deur Wit gewen word. Die spel staan bekend as die „Evans Gambit."

1. P-K4; P-K4; 2. Kt-KB3, Kt-QB3; 3. B-B4, B-B4; 4. P-QKt4, B x KtP; 5. P-B3, B-R4; 6. Kastelleer, B-Kt3; 7. P-Q4, P x P; 8. P x P, P-Q3; 9. B-R3, Kt-B3;

Hierdie skuif van Swart is swak. 'n Speler wat skaak reeds enigsins bestudeer het, sou nou soos volg gespeel het: 9 . . ., Kt-R4; 10. B-Q3, Kt-K2; 11. P-K5, Kasteller; dit sou hom buite gevaar gestel het.

10. P-K5, P x P; 11. Q-Kt3, Q-Q2; 12. P x P, Kt-QR4;

Wit voorsien nou dat hy gou vir Swart kan mat stoot, en offer sy koningin op.

13. P x Kt, Kt x Q; 14. R-K1 skaak, K-Q1; 15. B-K7 skaak, K-K1; 16. P x P, R-KKtl; 17. B-B6 skaak, Q-K3; 18. B x Q, B x B 19. P x Kt, en met sy sterk pion en een stuk voor wen maklik.

Waargeneem deur
**Mej. S. v. SCHOUWENBURG.**

## SKAAKKLUB VAAR GOED

Die span van die P.U. Skaakklub het nou reeds viermaal kon deelneem aan ligawedstryde gereël deur die VAAL-Skaakliga, waarby dit sedert die begin van die jaar ingelyf is. Die uitslae was as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sasolburg . . . | 5½ | — | P.U. 2½; |
| Orkney . . . | 3 | — | P.U. 5; |
| Klerksdorp . . . | 3½ | — | P.U. 4½; |
| P.O.K. . . . | 1 | | P.U. — 7; |

Nou wag daar nog drie sterk spanne op kragmeting, nl. Bothaville (hierdie kwartaal), Viljoenskroon en Potchefstroom-dorp (volgende kwartaal).

Die affiliasie met die Skaakfederasie vir Suidelike Afrika aan die begin van hierdie jaar stel die Skaakklub nou in die voorreg om tydens die Euwe/Muhring-toer (Julie/Augustus) 'n gesamentlike wedstryd teen Muhring hier ter plaatse te speel.

Nadere besonderhede sal in die volgende „Wapad" verskyn.

# VERANDERINGE IN V.V.O.

Die ledetal van die V.V.O. (Vereniging vir Verbitterde Oujongnooiens) wat reeds lank gevestig is in Kulu, het onlangs geweldig uitgebrei. Na 'n paar dae van aktiewe lidmaatskap het die nuwe lede hulle degenererende invloed egter sodanig laat geld dat die party oorgegaan het tot die stigting van 'n aantal onderliggame, ten einde al die lede bevrediging te gee, naamlik:

1. **Vereniging van Verloofde Oujongnooiens,**
2. **Vereniging van Verliefde Oujongnooiens (ledetal legio),**
3. **Vereniging van Vryende Oujongnooiens (eerstejaars nie toegelaat nie),**
4. **Vereniging van Vervelige oujongnooiens (slegs U.O.D.'s),**
5. **Vereniging vir Veryste Oujongnooiens.**

Na aanleiding van die kysanales van die afgelope weke kan met veiligheid beweer word dat hierdie veelvuldige onderliggame noodwendig 'n gekysde staat meebring, en daar bestaan reeds tweespalt onder die V.V.O.-geledere of hierdie nuwe instellings wel ooreenstem met die doelstellings van die V.V.O., naamlik: „Die verbreiding van mannehatery (M.H.) en die stabilisering daarvan." Die saak is nog hangende, maar om die uiterste linksgesindes tegemoet te kom, het die oorspronklike lede van die V.V.O. darem ingestem om die naam van die vereniging te verander van die „Vereniging vir Verbitterde Oujongnooiens," na die „Vereniging vir Vrolike Oujongnooiens." Of dit bevrediging sal gee, sal die toekoms nog leer.

## STEL U VOOR . . . . .

**Jurie Venter:** As Rooi Jan die skrik van Thaba Luzern.
**Rammie:** Voor die hof op aanklag van veelwywery.
**Willem Barnard:** As dirigent van die Weense Seunskoor.


## DAVY ROBERTSON ATELJEES

**Vir die mooiste**
**PORTRETTE en RAME**



## MALAN MEUBILEERDERS

**S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,**

**POTCHEFSTROOM.**

●

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

# A.S.B. GAAN VAN KRAG TOT KRAG

Die onlangse vergadering van die Hoofbestuur van die A.S.B. te Bloemfontein, het daarvan getuig dat die bykans ongelooflike opbloei wat die A.S.B. beleef het met die Kongres in Aprilmaand, nie maar net 'n opflikkering was nie, maar dat hierdie organisasie wat in diens wil staan van die Afrikanerstudent en ook van die Afrikanervolk, nou werklik kerngesond is. Baie gunstige taksverslae is ontvang, maar van meer belang is die werksaamhede van die Hoofbestuur self.

Die oorsese konsertttoer beloof om 'n groot sukses te wees. Op die vergadering is bekendgemaak dat die programme van die konsert veral die herkoms en lewenswyse van die Afrikaner sal uitbeeld. Alreeds 85 aansoeke vir die keuring is ontvang.

**Wat die Rasse-aangeleenthede aanbetref, is mnr. Johan van der Vyver besig om in samewerking met SABRA 'n pamflet oor die rasseprobleem saam te stel vir verspreiding onder die studente.**

Op voorstel van mnr. Roy van Rensburg sal 'n letterkundige prysvraag uitgeskryf word vir 'n Afrikaanse kortverhaal. Die gedagte is om dit later ook uit te brei na die ander vertakkings van die letterkunde.

Op internasionale gebied is daar besluit om ondersoek in te stel na die moontlikheid om Afrikaanse studente met buitelandse studente uit te ruil. Verder is daar ook 'n waarnemer afgevaardig na COSEC, 'n Europese studente-unie en dit hang van die rapport van hierdie waarnemer, wat waarskynlik voor die volgende kongres gelê sl word, af of die A.S.B. by hierdie unie sal aansluit.

### A.S.B.-PLAAS

**Die plaas van die A.S.B. sal om praktiese redes voorlopig nie bewerk word nie, maar daar sal spoedig 'n begin gemaak word om dit as 'n vakansie-oord in te rig. Mnr. Buddy Swart is ook besig om onderhandelings te tref met die Departement van Landbou met die oog op die hou van Landsdienskampe.**

'n Belangrike besluit van die Hoofbestuur was dat op die volgende kongres wat te Bloemfontein gehou sal word, die tema: „Ons Republikeinse Ideaal" bespreek sal word. Dit word beklemtoon dat die besprekings niks met Party-politiek te doen sal hê nie, maar dat dit 'n wetenskaplike studie van die probleem sal wees.

Kragtens 'n Hoofbestuursbesluit sal voortaan ook aandag geskenk word aan die geestestoestand van die halfgeskoolde blankes in die stede. Die bedoeling is hoofsaaklik om goeie lektuur onder die mense te versprei. Die A.S.B.-Hoofbestuur stel verder ook die publikasie van 'n omvattende pamflet in die vooruitsig, waarin die aard en werksamhede van die A.S.B. vervat sal word.

# ADV. VORSTER VOOR NUSAS

In die „Werda" van Junie 1955 lees ons die volgende artikel wat nogal in sommige opsigte 'n insigwekkende blik gee in die metodes en handelswyses van die aanhangers van N.U.S.A.S.: „Uit ingeligte bron word verneem dat adv. Vorster, die L.V. vir Nigel, onlangs uitgenooi is om 'n NUSAS-vergadering in Kaapstad toe te spreek. Die gehoor het blykbaar gemeen dat dit 'n gulde geleentheid is om heerlik die spot te dryf met die spreker, maar 'n paar nie-blanke lede het gou hul koppe gestamp toe hierdie wakker Nasionale Volksraadslid hulle heftig oor die kneukels geraps het. Hierna het die spreker, na ons verneem, 'n aandagtige gehoor gehad, en ons kan maar net vertrou dat sy toespraak sommige NUSAS-lede onder die indruk van hul verkeerde paadjie gebring het."

Of adv. Vorster wel daarin sou slaag om die NUSAS-lede van hul verkeerde paadjie te oortuig, wil ons betwyfel, maar dit is seker dat die NUSAS-vergadering hier wel deeglik kennis gemaak het met die egte nasionale volkstradisie. Soos ons adv. Vorster die afgelope tyd al leer ken het, weet ons verseker dat hy die regte man was om by hierdie vergadering op te tree. Nie alleen is hy 'n goeie spreker nie, maar as daar een van ons jonger Volksraadslede is wat hom deeglik ingegrawe het in die politieke strewe en stryd van die Afrikaner, dan is dit juis hy. Met die afgelope sitting van die Volksraad oor die Senaatswetsontwerp, weet ons hoe dat die lede van die Opposisie moes bontstaan nadat adv. Vorster aan die woord was. Daarom het ons ook volle vertroue dat hierdie vergadering van NUSAS nou iets meer weet van Nasionalisme soos ons dit voorstaan.



„Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra*. Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

* *Uit fabrieke in* **al vier die provinsies,** *kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A

**EXCELSIOR MEUBELS**

**Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743**


„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**

**ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.**

*Beyers Claassen* FOTOGRAWE — **Nou ook te Kerkstraat 84 - - Foon 45**

**Kom Kyk na ons Uitstalling van KAMERAS**




# „Die Stryd van die Goeie Boek"

'n Hoogtepunt in die program van die Estrarte Letterkundige Vereniging is bereik met die besoek van die bekende skrywer, Kas van den Bergh op 3 Junie. Soos gewoonlik het die lede informeel om die kaggel in Kulu se sitkamer vergader en die spreker het hom sommer dadelik by die gesellige atmosfeer aangepas. Mnr. Van den Bergh het 'n boeiende lesing gehou oor die stryd van die goeie boek teen prikkellektuur. Tussen hierdie twee pole het hy die posisie van goeie ligte leesstof bepaal.

'n Vergelyking tussen toestande in Suid-Afrika en oorsee het baie gou die wortel van die kwaad blootgelê: in Suid-Afrika word die skrywer eenvoudig verbied om die lewe weer te gee soos dit is. So mag in die uitbeelding van die naturel bv. net die doodgoeie as karakter gekies word omdat anders van rassediskriminasie gepraat word. En dit is nou maar eenmaal 'n feit dat daardie doodgoeie tipe nie lewenswaar kan wees nie: uit sy wye prokureurservaring het hy voorbeelde aangehaal om sy stelling te bewys.

**Eers as ons skrywers toegelaat mag word om die lewe, ook na die donker kant uit te beeld soos dit is, kan ons wêreldstandaard-kuns lewer. Die enigste skrywer wat tot dusver nog ten spyte van al die beperkings, groot kuns kon skep, was W. A. de Klerk.**

### UITGEWER DIE SONDEBOK

Die groot sondebok vandag is die uitgewer en nie die skrywer nie, want die uitgewer kyk bloot na sy wins en is in die magsposisie om na willekeur te domineer. Mnr. Van den Bergh het verwys na sy eie roman „Vlieë teen die Ruite," wat deur die uitgewer met die helfte verkort is.

Vanweë sy noue kontak met die praktiese sy van die skryfwese kon mnr. Van den Bergh uit die hart praat en het hy dan ook 'n blywende indruk op sy gehoor gemaak.

**Estrarte** hoop om in die tweede semester nog hoër te vlieg en om prof. C. M. van den Heever na die Puk te bring vir 'n toespraak.

# GESLAAGDE SEMESTER VIR MUSIEKVERENIGING

Die Universiteitsmusiekvereniging gaan steeds van krag tot krag en 'n hele aantal geslaagde konserte is reeds aangebied. Die afgelope semester het ons die voorreg gehad om na persone soos **Xander Haagen, Flor Peeters, Jack de Wet** e.a. te luister, terwyl ons ook by 'n paar geleenthede na kamermusiek kon luister. Al die konserte was van besonder hoogstaande gehalte en het beslis beter ondersteuning van die kant van studente verdien. Die laaste konsert hierdie kwartaal het op Vrydag die 24ste Junie plaasgevind het. Dit het bestaan uit 'n kort aanbieding van romantiese komposisies.

In die loop van die derde kwartaal sal daar nog vier konserte plasvind. Mnr. Pieter de Villiers sal op 13e Augustus 'n klavieruitvoering gee. Sy meesterlike vertolking van Beethoven se 3de klavierkonsert saam met die Simfonieorkes verlede jaar, is nog vars in almal se geheue en ons sien verlangend daarna uit dat hy weer moet optree. Op die 17de September sal die **Johannesburgse Simfonieorkes met Josef Trauneck** hopelik weer in Potchefstroom optree en gedurende dieselfde kwartaal sal ons die voorreg hê om 'n besoekende **Duitse pianis, Hans Clasen,** te ontvang. Mnr. Clasen is 'n uiters belowende pianis en het sy klavieropleiding van Walter Gieseking self ontvang. Hy word deur sommige kritici op die vasteland as een van die belowendste pianiste van ons tyd bestempel.

Dit wil voorkom asof die Musiekvereniging 'n uiters suksesvolle jaar betree het en waardevolle uitbouingswerk op kulturele gebied lewer.

# P.U.-STUDENTEKOOR

Dit stem 'n mens dankbaar om die ontwikkeling van die koor dop te hou. Waar dergelike pogings in die verlede herhaaldelik doodgeloop het, wil dit lyk of dit die keer 'n sukses gaan wees. In die begin het lede baie sporadies gekom en gegaan, maar nou is daar 'n groot mate van standvastigheid verkry. Reeds word hard geoefen om volgende kwartaal met naweektoere te begin.

Ook wat die balans van die koor betref, het daar 'n aanmerklike verbetering ingetree. Alhoewel daar 'n paar sterk soprane is, kan die getal nog heelwat vergroot word. Waar aan ons Universiteit gepoog word om die studente ook 'n waardering vir die kulturele sy van die lewe te gee, is daar 'n paar verenigings wat almal se steun nodig het, en die koor is een van hulle!

---

Ek het dit nie teen ons samelewing nie — ek het dit teen alle vorige en toekomstige samelewings.

# THALIA-TOERPLAN EN -LEDE

Thalia se voorgenome toer deur Suidwes-Afrika begin nou vorm aanneem; die toerplan is nou finaal saamgestel, die lede almal gekies en die repetisies in volle swang. Dit lyk asof dit 'n baie aangename toer gaan wees en al die lede sien met verlange daarna uit. Die toergeselskap bestaan uit die volgende lede:

**MANS:**

Johan v.d. Vyver, (toerleier), Jurie Gouws-Venter, Naas Steenkamp, Chris Coetzee, Pieter Coetzee, Casper Lessing, Alwyn du Plessis, Sampie Pretorius, Amedi Prollius, Jack Strydom (S.R.-verteenwoordiger).

**DAMES:**

Bessie Seyffert, Mariette Bischoff, Walda Botha, Hester van Niekerk, Nieta Steenkamp, Joan Erasmus, Annie Piso, Hannetjie Pretorius, Francina Smith, Ansa Bingle.

Prof. en mev. J. J. Snyman is die reisouers.

Die reisplan van die geselskap is soos volg:

Julie 5: Britstown, Julie 6: Prieska, Julie 7: Upington, Julie 9 en 16: Windhoek, Julie 12: Walvisbaai, Julie 13: Usakos, Julie 14: Karibib, Julie 15: Okahandja, Julie 18: Gobabis, Julie 20: Mariental, Julie 21: Keetmanshoop, Julie 25: De Aar.

---

Wrywing gee warmte. Wie vuur wil sien moet twee klippe hard teenmekaar slaan. Die gelykheid is kil en donker: eendrag maak mag.


**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

**MNR. VENTER,**

**Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,**

**POTCHEFSTROOM**

**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

**NOORDBRUG Kontantwinkel**

(Eienaar: A. G. Botha).

LANGS N.B.-POSKANTOOR

**Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes lekkers, sigarette en Toiletware.**

**Phone 369 Foon 369**

**POTCHEFSTROOM**

For/Vir

**"SUNFROZE"**

**Roomys — Ice Cream**

**WESTVAAL**

**Studente !!!**

**VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK STUUR NA**

**WESTVAAL**

**PRESIDENT CAFE**

**FOR:**

- **SWEETS,**
- **GRILLS**

**and**

- **COOLDRINKS.**

**Enslins** DRUKKERS VAN „DIE WAPAD"

# DIE INGEBRUIKNEMING VAN KLAWERHOF

Op 11 Junie is die nuwe Fisika-laboratorium en nuwe dameskoshuis, Klawerhof, offisieël in gebruik geneem. Die verrigtinge het reeds om 10 vm. by die laboratorium begin. Die argitek, Prof. A. L. Meiring het die sleutel aan sy edele, Dr. J. H. Viljoen, die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap oorhandig en die deur van die gebou is deur hom oopgesluit. Na die teepouse, wat van 11-11.30 geduur het, is die gebou oopgestel vir besigtiging. Vervolgens het die verrigtinge verskuif na Klawerhof.

Die aankoms van Mev. Viljoen, eggenote van die Minister het 'n groot indruk op die aanwesige dames van P.U. gemaak. Sy het hulle nl. almal persoonlik met die hand gegroet. Ander gaste wat o.a. teenwoordig was, was sy Edele Minister Viljoen, die Rektor en gade, Ds. en Mev. Ausamp en die argitek, Prof. A. L. Meiring.

Hier het die verrigtinge begin met 'n redevoering deur die huisvader, Prof. D. J. van Rooy. Hy het o.a. die volgende persone bedank: Die Boukontrakteurs, Spavins en Kie — hier het Prof. van Rooy veral nadruk gelê op die goeie elektrisiteitsinstallering wat ponde gespaar het. 'n Spesiale bedanking is ook gerig aan die dames van die G.S.O. wat onderneem het om die £20,000 te betaal. Die argitek is ook hartlik bedank vir sy gelewerde dienste.

### MEV. (Ds.) AUCAMP SLUIT OOP


**'n Baie leersame en geslaagde toespraak is deur Mev. A. L. Aucamp, die voorsitster van die Uniale G.S.O. gehou. Sy het dit as 'n besondere eer beskou om die rede te voer en ook om die deur te open. Sy het die hoop uitgespreek dat ouers ook in die vervolg hulle dogters met die grootste vrymoedigheid na hierdie inrigting sal stuur sonder om bang te wees vir die gevolge daarvan. Sy het ook die innige hoop uitgespreek dat die dames baie gelukkig sal wees in hierdie nuwe koshuis.**

Die argitek, Prof. A. L. Meiring het die sleutel van die voordeur aan Mev. Aucamp oorhandig. Met die oopsluit van die deur het dit egter nie so goed gegaan nie en Mev. Aucamp het hiermee 'n bietjie moeilikheid ondervind. Uiteindelik het sy daarin geslaag om die deur oopgesluit te kry en Klawerhof is offisieël in gebruik geneem.

Die verrigtinge is deur 'n groot aantal belangstellendes bygewoon. Ook die nuwe dameskoshuis is, nadat dit oopgesluit is, deur die gaste besigtig.

'n Noenmaal by die Hoër Huishoudskool het die verrigtinge van die dag afgesluit. Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. H. S. van der Walt, Dr. Stefaans du Toit, asook Dr. Frans du Toit, die kanselier van die Universiteit was onder die teenwoordige gaste.

FISIKA-LABORATORIUM



Daar bestaan geen woord, geen volsin, geen strofe waarin mens jou so volledig kan prysgee as in 'n glimlag nie.

## OORSESE TOER

'n Baie leersame en interessante toer na Engeland en die Vasteland vind aan die einde van die jaar plaas. Die geselskap vertrek aan die begin van Desember en keer in Februarie terug. Die volgende lande sal besoek word:

Engeland, Holland, Duitsland, Oostenryk, Frankryk, Italië. Die reiskoste sal ongeveer £295 bedra. Vir volledige besonderhede skryf aan:

Prof. D. J. Roode,
Aliwalstraat 91,
Bloemfontein.

## Biblioteekkunde

By die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap sal aansoek gedoen word om vanaf 1956 alhier te begin met opleiding in Biblioteekkunde. Die uitreiking van 2 diplomas word in die vooruitsig gestel, nl.:

(1) 'n Tweejarige laer-Diploma wat volg op 'n Senior Sertifikaat of 'n Matrikulasie-sertifikaat.
(2) 'n Eenjarige Hoër Diploma wat volg op 'n Baccalaureusgraad.

Presidentstraat-ingang se hek sal nie meer vir motorverkeer gesluit word nie. Die bestaande hekke sal deur nuwes vervang word.

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"

('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n

**FIETS aan te skaf.**

**C. v. d. MERWE**

**FIETSHANDELAAR**

**Kerkstraat 92, Potchefstroom**

**KOM SIEN ONS—**

vir al u

- **Fotografiese**

en

- **Aptekersbenodigdhede.**

**GEEN & VELLEMAN**

**Kerkstraat,**

**POTCHEFSTROOM.**

**W. J. SPAVIN & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodighede***

**KOELKASTE • RADIO'S**

**Kerkstraat 65 — Potchefstroom**

**W. A. VENTER**

**HORLOSIEMAKER • JUWELIER.**

**KERKSTRAAT 152, POTCHEFSTROOM.**

•

**FAHIR-VERLOOFRINGE**

•

**MAKLIKE TERME . . . . . . . GEEN DEPOSITO.**

**Alle soorte Reparasies! Alle werk gewaarborg!**

# SOTTIE IS „KWAAT"

TOMSTRAAT,
Potchefstroom.

Dag oom Soois,

Ek is kwaat. Ek wil mal word so kwaat is ek. Oom Soois ken my fir hi oukie wat nooit sy hiemeere verloor nie maar vandag is ek so kwaat lit ek kan sterwe.-4£½?!.Maarit sillie help lat ek hier tegen oom Soois sit en laster en dinge nie ek sal maar vor oom Soois vertel wat my toornig so billik ontstook. Ek het mit hi TRYN gery ja ek weet oom dink ek is mal om so te sit in tooring teen hi tryn maar het oom al ooit mit hi tryn gery dan sil oom nie sikke ding van mei se nie. Ek was fir die gepasseerde naweek op Johaanesberg. Hy lyk anners as die Drakensberg hy is plat en tog is hy okkie heeltemal plat nie. Want waar ons hyse oppie plaase langes mikaar sit sit die hyse daar bo-op mekaar. Ja ek weet oom sil fir my sê Sottie jy is besimpelt maar was oom al in Johaanesberg se sjoppieng senter (ek weet dis g'n vollenhoofen nie dis hi plek waar mense so deermikaar loop mit Hêndbêgs).

Mar oom moenie nou lit ek oor anner dinge sit in skryf. Ek is kwaat. /45—£!* Reekent biekie oom Soois toe ek nouie dag op darie groot plek waarie hyse so opmekaar sit, weggaan toe kommie konikteer na my toe en hy sê ek moet sjarrap en dit oor ek op my bekflytjie speel wat ek fir my gekoop het. Ek het jys gespeel waar die mense my nie kon hoor nie. Maar dis nog niks. Toe kom hy later weer by by my en vra my tikkit. Hy sê toe die ding is ienvêlvit. Ek weet nie wat dit betken nie maar op die volgende stasie wou hy my ytsmyt. Toe maak ik my beene regyt en my rig ok. Hy steen yntlik sos hy mit my worstil. Toe flyt die tryn en hy los my. Toe gee hy my hi papier wat ik toe fir hom beina in die mond mee geslaat het want ek het mos hi wiekênt tikkit so roep hille die ding hier

Mar oom dis nog niks. Toe worre ek faak en ek wil toe graag bo gaan slaap. Toe ek halfpat bo is rik die tryn so lit ek affoeter maar foor ek grondfat rik die tryn toe weer. Hy fang my innie lig en gooi my oppie onnerste siet. Maar dis nog niks. Ek steek toe my kop yt om te koos sien war oppie aarde trek ons. Toe kom daar hi stik steenkool faf fooraf geflieg hy was so groot soos hi jong pampoen en slaat my op my êppiederms. Ek weet oom Soois sillie weet waar die plek issie. Dis tissen my twee ore war ou brêkfis my passere jaar geskop het lat ek hop. Ek dink dis die konniktekteer wat my so mittie steenkool fan fooraf gegooi het.

Mar toe kom ons by Koeset en die tryn willie stoppie. Mar oom moes hierie Sottiekind gesiet het Ek fat toe my bonnel byelkaar en ek spring want hoe weet ek waar die tryn nou weer fir die eerste maal gat stop. En ik spring.

Nou lê ik hier innie boriengheaus. Mar ik is so kwaat lit ik kan doodgaan oom Soois. Noooit weer ry ek mit so hi dingie want dan sien oom my nooit weerrie. Die dokter sê dis nou mar net hi kwessie fan tyd foor ek weer sil kan loop. Ek dink my arrems het tissin my beene ingetrek mittie fal want die mooi baart wat ek mos altyd gedra het is nou leelik beskarag. Mar oom ek sillie kla nie want daarrie oom wat fir my hi hont belowe het het hom toe fir my gestier. Oom Soois het nog nooit so hi mooi hont gesien nie. Daarom sal ek nie klaag oorie fal nie.

Het oom hille al geslag? nee ek fra maar sommer want ek weet oom Soois hille slag altyd innie winter bees. My kleere hou nog goed oom want ek het nou hi flennel noorag nie. Die kinners skryf hier toetse en nou fank ek fis mit hi kortbroek en hi stok.

Baja, baja groetnis,
ok aan antie Fya,
Fan oom se neefie,

SOTTIE.

## P.U. HITS OF THE DAY

**Proffies:** „Now is the hour."
**Studente:** „Going Home."
**Vleuel:** „This old House is a gettin **shaky."**
**Wiese:** „Little white Dove."
**Ansie v.d. Merwe:** „You can't get a man with a gun."
**Lea Coetzee:** „Roll along little Consul roll along".
**A. P. C. Duvenage:** „Wie gaan betaal vir die bier."
**Ouboet:** „Daddy when is mammy coming home."

# BOEK-RESENSIE

**„Die lewensgeskiedenis van die U.O.D.'s, deur Beentjies, uitgegee deur Waggonalia, Potchefstroom, Pp. 150; 1/6.**

Hierdie boek is geskryf met die doel om op 'n „wetenskaplike" manier die verband tussen opvoeding (in die klas ontvang) en handeling, aan te toon.

Die geskrif bevat nuttige informasie en waardevolle wenke oor die onderwys van tee-skakery, spykerologie, die gesag van die eerstejaars, en die bestudering van verdagte dokumente soos opvoedkunde-vraestelle.

'n Paar van die U.O.D.'s se biografieë verskyn ook in die manuskrip maar die keurders het dit uitgesny. Al van belang wat oorgebly het was die histories van Ponie, Bles, Ria en nog 'n paar minder belangrikes.

**Van Bles is daar gesê: „Hy is eintlik 'n negosiekas maar dink hy is al 'n kombuistafel." Soos 'n eerwaarde bloedverwant van 'n perd aan Ria gesê het — „die vrou agter die masker". Ponie is een van die „case-histories (kys-histeries) wat plek vat in die geologie-laboratorium."**

Met die oog op vermaak sou ek hierdie boek geredelik aanbeveel. Vir die ernstige student met die persoonlikheid **Illy Duvenage** sou dit egter gerade wees om liewers elders te begin — wat daartoe sal lei dat hy of sy ook elders sal uitskei.

By die verskillende soorte geestesversteurings is daar honderd-en-een tekens van elke soort by die persone agter die kateder, waarvan massas die mins opvallende en die mins belangrike meer by die klas voorkom.

F. A. B.

## ONS WIL WEET . . .

. . . . hoe die rooibekvinkplaag hier in Wes-Transvaal en veral in Potch bestry kan word. Selfs die telefoondrade word gedurig beset deur hierdie vinke en daar bestaan groot gevaar dat selfs die gehardste koringkorrel ingesluk kan word.

* * *

. . . . of apartheid nou ook op die Puk konsekwent deurgevoer gaan word aangesien op sommige plekke reeds 'n begin gemaak is.

* * *

. . . . of Vulletjie met Jurie „gecase" is of anders om.

* * *

. . . of die Puk ons 'n sleepweek in plaas van 'n toetsweek sal gee.

* * *

. . . of die ligte voor die hoofgebou altyd so helder sal skyn en of hulle maar net die slepers beskerm.

## Stel u voor . . .

**Hannetjie Pretorius** in 'n skrum.
**Annie Piso** met 'n Bolla.
**Lea Coetsee** met 'n leë koffietenk.
**Chrissie Heine** sonder 'n laatverlof.
**Jan Visser** op 'n esel.
**Joan Erasmus** sonder tande.
**Piet Pelser** met 'n Bles.
**Corrie Hoogenboezem** sonder haar Minnaar.
**Rassie Smit** as 'n haantjie op 'n kerktoring.
**Spekkie** op die top van die Kersfeesboom.

## Coming Shortly

**Sambreeltjie:** „Strange lady in town."
**Spekkie:** „Elephant walk."
**Stephanie C.:** „Love me or leave me."
**Petro v.d. W.:** „Deep in my heart."
**Pieter v.d. D.:** „I'm falling in love with someone."
**Selma:** „The Koekoe Waltz."
**Theo Oosthuizen:** „The constant husband."

## DIE NUWE KABINET

**Eerste Minister en Minister van Buitealndse Sake: SY ED. J. C. STRYDOM,** 'n man met senuwees van staal. Hy is in staat om met oortuigende redevoerings mense van sportief-vyandige gesindheid aan sy lippe te laat hang. Veral beoog hy die oprigting van groot skoenfabrieke. Hoekom so? Wel, 'n platpcot Herero haat hy.

**Minister van Vervoer: SY ED. JOHAN BUYS.** Toe „Die Wapad" se korrespondent in Hereroland met hom gesels het, het dit geblyk dat hy onmiddellik gaan begin veg vir korter werksure en hoër besoldiging vir stokers. 'n Staking in die verband moet ten alle koste vermy word.

**Minister van Naturellesake: SY ED. JACS VAN ROOY.** Treffend is sy woorde, gebesig in amptelike taal: „Leha ho le joale re ntse re elelloa hore mathata ao re lebaneng le oona a sale maholo, eleng ao re lokelang poaleke baahi ba naha ea rona ho a emelaka maoto".

**Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap: SY ED. TJAART VAN DER WALT,** 'n man met 'n geweldige belangstelling veral vir onderwys en opvoedkunde. Eersgenoemde gee hyself in en met laasgenoemde word hy ingegee. Wat die kuns betref is hy veral lief vir 'n balkbariton en 'n badkamertenoor.

**Minister van Bosbou en Besproeiing: SY ED. A. N. HELBERG,** die verteenwoordiger van Duiwelskloof. Hy word so besig gehou deur die bosbou dat hy maar vir hom 'n Bos-man moes kry.

**Minister van Pos- en Telegraafwese: SY ED. DIE VIETNAMESE REBEL, P. H. VAN DER MERWE.** Hy verkeer op die oomblik nog in die tronk, maar hoop om deur 'n geweldige agitasie van sy mede-rebelle spoedig ontslaan te word. Selfs in die tronk word hy baie besig gehou deur die afdeling Telefoniese oproepe. Dit geskied veral na 'n ryswater-ete in die middag.

**Minister van Gesondheid: SY ED. VYTJIE VAN DER LOUVER.** Hy toon 'n hartroerende belangstelling vir sy departement en glo aan 'n somatiese oftewel corporiese, ook genoem liggaamlike gesonde volk. Self het hy vir sy volk hier 'n voorbeeld gestel deur vir hom 'n vrou te neem uit die agterveldse van Helsdingens saam met wie se broers hy elke oggend voor ontbyt 'n paar olifante met die kaalvuis doodslaan vir 'n aptytwekkertjie. Toe sy oudste dogter twee dae oud was, het hy haar krokkedilbiltong gegee vir koliek op die maag.

## „P.U. FILMADS OF THE WEEK"

**Don en Leonie** in „Pony express".
**Laatslepers** in „Night people."
**B.Sc. Toetsweek** as „Bad day at Black Rock."
**Dick Putter (jnr.)** in „Captain Lightfoot."
**Flip Kruger** in „Deep in my heart."
**Marie Visser** in „Calamity Jane."

# Theos verloor teen Wits

## KLOP BLYVOOR 12-6

In 'n toiingrige en onaanskoulike wedstryd, het Theos onlangs in 'n wedstryd teen die Universiteit van die Witwatersrand 'n neerlaag moes ly van sestien punte (twee doele en twee strafdoele) teen dertien (twee doele en 'n drie).

Na 'n swak eerste helfte waarin Wits voorgeloop het met drie punte teen nul, het die Pukke egter in die tweede helfte met meer vuur en ywer gespeel en hier was dit veral **Ferdi van Zyl, Oos** en **Campbell** wat kwaai onder hulle teenstanders gewoel het.

**Nokkels het weer met sy uithalerspel in die agterlyn te voorskyn gekom en die Witsies talle hoofbrekens besorg. Ongelukkig moes die meeste van sy breekslae skipbreuk ly omdat daar nie genoeg ondersteuning van sy makkers was nie.**

Indien die Pukke egter nie soveel kanse verbrou het nie, kon hulle maklik ook as oorwinnaars uit hierdie wedstryd getree het, maar daar moet verder ook in ag geneem word dat die Pukke met 'n verswakte span op die veld gedraf het en o.a. ook sonder die dienste van Groot Dick moes klaarkom.

Wits se punte is aangeteken deur Scott (twee strafdoele en twee vervyfskoppe), Kaminer en Espach elk 'n drie, terwyl die Pukke se punte aangeteken is deur Ben van der Walt, Steenkamp en Nokkels (elk 'n drie) waarvan Steenkamp twee vervyf het.

### „BLAINE" BINNE BEREIK

In die Wes-Transvaalse liga het dit egter beter met Theos gevaar en het hulle daarin geslaag om Blyvoor met 12 punte teen ses die loef af te steek. Met hierdie oorwinning is Theos dan ook nou een van die drie onoorwonne spanne in die Blaine-kompetisie en indien hulle 'n loslootjie trek, sal dit meen dat hulle in die finaal om die beker teen die wenners van Kleksdorp en Strathvaal sal speel.

## STOEISPAN NA WITS

Vir die eerste keer in die geskiedenis sal die P.U. Stoeispan vanjaar aan die inter-universitêre stoeitoernooi te Wits kan deelneem. Die volgende span is dan ook gekies om die Universiteit te verteenwoordig:

**Spantou Swanepoel (bantamgewig), Doepie du Plessis (veergewig), Pieter Brand (liggewig), Wynand Putter, kapt. (weltergewig), Sarel van der Westhuizen (middelgewig), V. Kleyn (middelgewig), A. Visser (ligswaargewig) en Groot Dick Putter (swaargewig).**

Dit sal geensins verbaas as die Pukspan in hierdie toernooi die louere wegdra nie. Sterk aanspraakmakers op titels is o.a. die kaptein van die span, Wynand Putter, met Ouboet Dick, Visser en Doepie kort op sy hakke.

'n Bestaan sonder inkonsekwensies, sonder die irrasionele, is 'n woning sonder insig.

# MANSHOKKIE BAIE WISSELVALLIG

Die span wat vanjaar met baie wisselvallige spel voor die dag kom, is ongetwyfeld die eerste Manshokkiespan. Nadat hulle aan die begin van die jaar op 'n baie hoë tempo begin het, het hulle onverwags 'n neerlaag gely teen een van die swakste spanne in die liga. Daarna het dit weer beter gevaar en toe weer 'n laagtepunt belewe.

In die afgelope drie wedstryde het hulle eers die sterk span van Dorp met vyf doele teen twee verslaan, daarna in 'n vriendskaplike wedstryd en met 'n uiters verswakte span, die voorbokke in die liga, Garnisoen, met drie doele teen een verslaan maar in die herontmoeting wat ook 'n ligawedstryd was, teen dieselfde span met vier doele teen twee verloor. **In hierdie wedstryd was dit veral die voorlyn wat die sondebokke was. Daar was hoegenaamd geen samespel nie en elke voorspeler het maar op sy eie aangekarring totdat die bal van hom afgeneem is. Hierdie afdeling van die span sal heelwat opknapping moet ondergaan.**

In laasgenoemde wedstryd het veral eerstejaar **Wiese** weer eens die oog gevang. **Bern Pienaar** het soos altyd sy gewone uitmuntende spel gelewer.

## Dameshokkie kry Terugslag

Die dameshokkiespanne is verlede naweek met die kous oor die kop huistoe gestuur.

Die eerste span het op Klerksdorp teen K.A.A.A. (1) gespeel en het die wedstryd verloor met 3 doele teenoor 1. Die Pukke se enigste doel is aangeteken deur **Selma van Schouwenburg — 'n pragdoel so reg uit die boek.**

Die **Benoudes** het hulle grootste neerlaag van die seisoen gely toe Goldfields-West hulle op Carletonville met 8-2 vesrlaan het. Die Pukkies het moedig geveg maar die dik grasbaan het alle energie verteer. Die Benoudes se doele is altwee geskiet deur **Bennie Kruger.**

**LOOCK**
**Kleremakers**
**Calderbanksgebou,**
Kerkstraat 102 — Telefoon 855
POTCHEFSTROOM.

## PUKKE IN NOORD-UNIV.-SPAN

Drie Pukke is ingesluit in die span van die Noordelike Universiteite wat moremiddag teen die besoekende Britse rugbyspan kragte sal meet, te wete **J. C. Strydom, Groot Dick Putter en Stoney (Lang) Steenkamp.** Ons hartlike gelukwensing gaan aan hierdie driemanskap wat insluiting in die span dubbel en dwars verdien het.

Mens verwerf kennis; jy besit kultuur.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• **Wynsoorte**
en
• **Spiritualieë**

**J. P. van der WALT APTEEK**
Kerkstraat 111 — Potchefstroom.
„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**PRO REGE-PERS**
**Boekhandel**
en
**Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke
en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

**W. J. GROBBELAAR**
MANS en DAMES-
HAARKAPPER.
Kerkstraat 97 — Telefoon 330.

**HAROLD'S**
**AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 166 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
Voorradehouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
vir alle
SPORTUITRUSTING en
SPORTBENODIGDHEDE.

**A. T. LUKE & KIE.**
**APTEKERS**
Vir al u . . .
• Mediese en skoonheidsbenodigdhede
sowel as
• Radio en Elektriese Benodigdhede,
• Kiekies ontwikkel en afdruk.
Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39

**CORNER FRUIT STORE**
vir al u
• VRUGTE, LEKKERS,
• SIGARETTE,
• KOELDRANKE en
• VERVERSINGS
VRUGTE en GROENTE.
Bekend van weë sy
UITSTEKENDE DIENS!!

**I. GLASER—Juwelier**
NUWE ADRES:
vanaf 1 April
h/v. KERKSTR. en AUTOLAAN,